Nuusbrief 21/3 Desember 2025

MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

> **Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir almal in wie Hy 'n welbehae het.**
> **Luk 2:14**

## Uit die Hoof se Kantoor

Geagte Ouers en Voogde

Namens die skool wil ek graag ons diepe dank aan die Here uitspreek vir al die seëninge wat ons vanjaar ontvang het. My siel, loof die Here, en vergeet nie al sy weldade nie (Ps. 103:2) - tel u seëninge een vir een en wees dankbaar. Ons dank die Here veral dat elke leerder gedurende die afgelope kwartaal veilig was. Verder prys ons God vir ons puik akademiese uitslae vanjaar en vir die besondere welslae van ons eerste dogterskrieketspan en hul liga-oorwinnings.

Mag die Here elkeen van u beskerm op die paaie en waar u ook al heen gaan. Geniet gerus kwaliteittyd saam met u kinders hierdie feestyd, dit is dikwels die mooiste geskenk wat ons kan gee. Ons sien met opgewondenheid na 2026 en die nuwe geleenthede wat voorlê, uit.

Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar word u toegewens.

Met hartlike groete

**Nico Loggenberg**
**Skoolhoof**

**DIE SKOOL HEROPEN D.V. OP WOENSDAG 14 JANUARIE 2026**



## INLIGTING

[2026-Kalender]

**DIE PERSONEEL WIL GRAAG DIE BIDGROEP-MAMMAS BEDANK VIR DIE GESKENKIES EN PERSOONLIKE BYBELVERS WAT ELKEEN ONTVANG HET. DANKIE OOK VIR AL DIE GEBEDE DWARSDEUR DIE JAAR.**

### RAPPORTE

Die rapporte vir gr. 1-7 sal op Woensdag 3 Desember om 10:00 op Edana beskikbaar gestel word.

**6-SYFER EDANA-KODE: 447432**

**INTERSENFASE**

Gewigte per vak om 'n gemiddeld aan die einde van die kwartaal te bepaal, word as volg bereken:
Huistaal = 20%
Eerste addisionele taal = 15%
Wiskunde = 20%
Wetenskap = 15%
Geskiedenis = 10 %
Aardrykskunde = 10%
Rekenaars = 5%
Robotika & Tegnologie = 5%

Die gewigte per kwartaal, om 'n gemiddeld aan die einde van die jaar te bepaal, word as volg bereken:
Kwartaal 1 - 20%
Kwartaal 2 - 20%
Kwartaal 3 - 20%
Kwartaal 4 - 40%

## LAASTE KANS!




### NASKOOLINSKRYWINGS VIR 2026


By @RakkerCare skep ons 'n tuiste weg van die huis – 'n veilige, sorgsame en gestruktureerde omgewing waar u kind se akademie op datum bly, en hulle al hul aktiwiteite bywoon. Skryf vandag in deur die skakel hieronder te volg.

**INSKRYWINGS 2026**

### SPORTKLERE

Let asb. daarop dat die teal-atletiekbroekie uitfaseer word. Die nuwe broekie is maroon met 'n teal-insetsel, dieselfde as die swembroekie. Dit bring 'n kostebesparing vir ouers mee.

# KOMMUNIKASIE IN 2026





**Vanaf 2026 ondergaan kommunikasie by Midstream Ridge 'n gedaanteverwisseling.**
**EDANA - die slimfoontoepassing - word die hoof kommunkasiekanaal. Kommunikasie sal as volg plaasvind:**

**Daaglikse admin- en logistieke boodskappe**:
**Nuusbriewe | Kalenders | Uitnodigings | Toere | Wedstrydreëlings | Optrede-reëlings | Ander belangrike aankondigings**
Klik op die onderstaande skakel om die toep op u slimfoon te installeer:
EDANA

**Om te verseker dat u alle kennisgewings van nuwe boodskappe ontvang, selekteer asb. die opsie "ALLOW NOTIFICATIONS". Klik op die onderstaande skakel vir 'n handleiding hoe om hierdie te aktiveer:**
**"SLIMFOON KENNISGEWINGS"**

Daar sal 'n **lêer** met die volgende **dokumentasie** op die toespassing wees:
**Algemene Skoolinligting**
**Skoolbeleide**
**Skoolprospektus**
**Akademiese inligting**
**Kultuurinligting**
**Sportinligting**




**Neem asb. kennis dat daar nog geen dokumente in dié lêer beskikbaar is nie. Die proses sal eers in 2026 begin.**

**Google Classroom sal slegs vir akademie gebruik word:**
**Huiswerk**
**Vakinhoud**
**Projekte / Take**
**Ou kwartaaltoetse**
**Toets- en eksamenafbakeninge**
**Ander akademies verwante inligting**
Klik op die onderstaande skakel om *Google Classroom* af te laai:
**Op u SLIMFOON**
**Op u REKENAAR**

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT ALLE HUIDIGE GEMEENSKAPS-WHATSAPP-GROEPE OP 3 DESEMBER 2025 GEDEAKTIVEER SAL WORD. MET DIE NUWE KOMMUNIKASIE-STELSEL SAL DIE SKOOL NIE MEER ALGEMENE INLIGTING VIA WHATSAPP STUUR NIE. DIE OUERWEBPORTAAL SAL OP 31 DESEMBER 2025 GEDEAKTIVEER WORD.**

**Dit is uiters belangrik dat u asseblief seker maak dat beide ouers, albei die *EDANA*- en *Google Classroom*-toepassings aflaai en daarvoor registreer.**
**Indien u enige probleme met die EDANA-toep, of toegang tot Google Classroom ondervind, skakel asb. vir Vera by verav@midstreamridgeprimary.co.za.**

## RAKKER-HOKKIESTERRE

Baie geluk aan Gert Oosthuizen, Vuako Chauke en Eli Modena wat deurgedring het na die derde rondte van die *Northern Blues Primary Hockey* provinsiale-proewe. Ons is baie trots op hierdie drie spelers en wens hul baie sterkte toe vir die proewe.




## PADVEILIGHEID RONDOM DIE SKOOL






Ons wil graag u aandag op die belangrike kwessie van padveiligheid rondom ons skool vestig. Die veiligheid van ons leerders is vir ons prioriteit, en dit verg samewerking van almal in ons gemeenskap. Daar is toenemende verkeersaktiwiteit tydens die begin- en sluitingstye van die skooldag. Dit skep potensiële risiko's vir ons leerders, veral wanneer verkeersreëls nie nagekom word nie of wanneer kinders nie behoorlik begelei word nie. Ons doen dus 'n beroep op alle ouers en voogde om die volgende riglyne streng na te kom:

**Hou by spoedbeperkings rondom die skool - ry stadig en versigtig.**

**Gebruik slegs die aangewese aflaai- en oplaai areas. Moenie in onwettige parkeerplekke stilhou nie.**

**Moedig kinders aan om slegs by gemerkte voetganger-oorsteekplekke die pad te kruis.**

**Wees bedag op sekuriteitswagte en skoolpersoneel wat help om veiligheid te verseker.**

**Moenie op selfone praat of tik terwyl u bestuur nie**.

Ons beplan ook om padveiligheidsbewustheid onder leerders te verhoog deur middel van opvoedkundige aktiwiteite, saalbyeenkomste en samewerking met plaaslike owerhede. Dankie vir u samewerking en vir die rol wat u in die beskerming van ons kinders speel. Saam kan ons 'n veilige omgewing rondom die skool skep.

## CAPRIOLE-STALLE PONIEKAMP

Ons gewilde skoolvakansieprogram is terug vir die Desember 2025-vakansie! Laat u kind(ers) 'n prettige dag op die plaas saam met ons vriendelike ponies en perde deurbring. Hulle sal perde kan ry, borsel, voer en aan verskeie ponie-aktiwiteite deelneem. Na 'n opwindende dag in die buitelug sal hulle moeg, maar gelukkig huis toe kom – met kosbare herinneringe aan speletjies, pret en nuwe vriende, mens én dier! Die kamp is geskik vir alle vlakke, van beginners tot gevorderde ruiters. Kinders word volgens ouderdom en ervaring in groepe gedeel om veiligheid en genot te verseker.

Ons bied twee opsies aan:

**Halfdag (9:00 – 13:00) teen R320; OF Voldag (09:00 – 17:00) teen R480**

Vir meer inligting of om 'n besprekingsvorm aan te vra, kontak ons gerus:

📞 082 414 7378 of 082 573 4797

📧 equineiq@mweb.co.za

**CAPRIOLE PONIEKAMP: MEER INLIGTING**

## MRP GRAAD 1-INSKRYWINGS (2027)

Dit is vir ons aangenaam om u in kennis te stel dat aansoeke vir Graad 1 (2027) nou oop is. Ons moedig alle belangstellende ouers aan om hul aansoeke in te dien. Deur betyds aansoek te doen, help u om enige administratiewe prosedures en voorbereidings betyds af te handel, wat die proses vir u en u kind gemakliker maak. Om aansoek te doen, besoek asseblief MRP TOELATINGS vir gedetailleerde inligting en instruksies om die aanlyn aansoek te voltooi. Vir enige navrae of hulp met die aansoekproses, kontak asseblief die toelatingskantoor:

(Corrie Burger corrieb@midstreamridgeprimary.co.za of 012 9409122).

# KLEREWINKEL VAKANSIE-URE

| | |
|---|---|
| Woensdag 3 Desember 2025 | 07:00-16:00 |
| Donderdag 4 tot Vrydag 12 Desember 2025 | 08:00-16:00 |
| Saterdag 13 Desember 2025 | 09:00-13:00 |
| Maandag 15 Desember 2025 | 08:00-15:00 |
| **Skeduleer asb. vooraf vir afsprake op Saterdag en Maandag** | |
| Dinsdag 16 Desember 2025 tot Sondag 4 Januarie 2026 | GESLUIT |
| Maandag 5 Januarie tot Vrydag 9 Januarie 2026 | 08:00-16:00 |
| Saterdag 10 Januarie 2026 | 09:00-13:00 |
| **Skeduleer asb. vooraf vir afsprake op Saterdag** | |
| Maandag 12 en Dinsdag 13 Januarie 2026 | 08:00-17:00 |
| Woensdag 14 Januarie 2026 | 07:00-17:00 |
| **Vir dringende navrae, WhatsApp of skakel 064 937 0551** | |